# Gesels saam
GRAAD 7-10

## WELKOM

Laat die jongmense 'n toring met Jenga-blokkies op 'n tafel bou. Haal twee van die fondasieblokkies uit en laat iemand aan die tafel stamp sodat die toring omval. Gesels saam:

- Wat gebeur as die fondasie van die toring nie reg is nie?

## WONDER

Ons gaan vandag 'n gedeelte in die Bybel lees waar die koning besef het dat die volk van God af weggedwaal het. Hulle het begin om op die verkeerde fondasie te bou.

**Kyk die volgende video saam (https://www.youtube.com/watch?v=zbOLxBHhvkA)**.

Lees dan 2 Konings 23:1-6 saam.

Gesels saam:

- Wat is die verbond?
- Waarom het koning Josia almal opdrag gegee om die verbond met God te hernu?
- Hoe lyk dit as 'n mens sy of haar lewe op God bou?

## WEES

'n Fondasie in ons lewe is baie belangrik. Doen die volgende eksperiment saam.

Sit 'n dik pyp of 'n ander soort silinder op sy sy neer. Begin boeke op die silinder pak. Elke boek verteenwoordig iets wat in die oë van die Here verkeerd is in die wêreld vandag. Laat die groep met elke boek 'n voorbeeld hiervan gee. Kyk hoeveel boeke julle op die silinder-fondasie kan pak voordat die boeke afval.

Doen nou weer die eksperiment, maar gebruik dié keer twee pype (silinders) as fondasie. Begin boeke op die silinders pak. Met elke boek wat julle pak, moet julle voorbeelde gee van goeie dinge wat ’n mens kan doen om aan die Here toegewyd te wees.

Gee nou vir elke jongmens ’n papier en ’n skryfding. Laat hulle ’n brief aan hulleself skryf deur die volgende twee vrae te beantwoord:

- Wat is die dinge in my lewe wat moet verander?
- Hoe wil ek my opnuut aan God toewy?

## WEGSTUUR

Lees hierdie week elke dag die brief om jou aan jou toewyding te herinner.

---